



## VERBRUIKERSTUDIES

Tyd: 3 uur

200 punte

---

### LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel word in vier afdelings verdeel:  
**AFDELING A:** Voedsel en Voeding en Verbruikerverwante kwessies  
**AFDELING B:** Kleding en Verbruikerverwante kwessies  
**AFDELING C:** Behuising en Meublement en Verbruikerverwante kwessies  
**AFDELING D:** Uitgebreide Skryfrespons
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. Begin **elke afdeling** op 'n **nuwe** bladsy.
5. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genummer is.
6. Party afdelings het meerkeusige vrae. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte **hoofletter**, bv. 1.1.8 A, in jou Antwoordboek neer. **Moenie** die ruit op die voorste flap van die Antwoordboek gebruik om hierdie vrae te beantwoord nie.
7. Laat 'n reël tussen al die antwoorde oop.
8. Moenie in die kantlyne skryf nie; laat dit oop vir die neerskryf van punte.
9. Die punte wat aan elke vraag toegeken word, dui die detail aan wat verlang word.
10. Sakrekenaars mag gebruik word.
11. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

**AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES**

**Bestee ongeveer 60 minute aan hierdie afdeling.**

**VRAAG 1 MEERKEUSIGE VRAE**

Moenie die ruit op die voorste flap van die Antwoordboek gebruik om hierdie vrae te beantwoord nie – skryf die vraagnommer en die korrekte hoofletter(s) in jou Antwoordboek.

- 1.1 Voedseletikettering, wat die verbruiker teen misleidende bemarkingstrategieë beskerm wanneer produkte verpak word, vorm deel van die ... wet. (1)
- A Nasionale Verbruikersbeskerming
  - B Voedsel, skoonheidsmiddels en ontsmettingsmiddels
  - C Verbruikersake
  - D Handelswaremerke
- 1.2 Watter van die volgende moet op 'n voedseletiket verskyn? (3)
- A Land van oorsprong
  - B Algemene allergene
  - C Datummerk vir alkohol
  - D Netto inhoud
  - E Gesond of Heilsaam
  - F Vergelykende aansprake
- 1.3 ... is die verspreiding van produkte, tegnologie, inligting en werksgeleenthede oor nasionale grense en kulture heen. (1)
- A Genetiese manipulasie
  - B Voedselprosessering
  - C Organiese voedsel
  - D Globalisasie
- 1.4 'n Glukemiese indeks van ... dui op 'n stadige en geleidelike toename in die bloedglukosevlak. (1)
- A 0 tot 10
  - B 55 en minder
  - C 55 tot 70
  - D 70 en meer

- 1.5 Watter van die volgende voedselvoorbereidings- en higiëne-voorsorgmaatreëls is die mees gepaste om derminfeksie weens *E. coli* te verminder?
- A Gebruik slegs drinkbare water.
  - B Vermy kruiskontaminasie.
  - C Was hande voor kook.
  - D Gebruik gebottelde suiwelprodukte.
  - E Mense met diarree moenie maaltye voorberei nie.
  - F Was vrugte en groente wanneer nodig.
- (2)
- 1.6 'n Voedselallergie veroorsaak dat die immuunstelsel 'n verdedigingsmeganisme ontwikkel en ... in reaksie daarop produseer.
- A teenliggaampies
  - B allergeene
  - C antibiotika
  - D anti-oksidente
- (1)  
[9]

**VRAAG 2 PAS DIE KOLOMME**

Pas 'n stelling in Kolom B by die voedingsverwante term in Kolom A.

Moenie die ruit aan die binnekant van die voorblad van die Antwoordboek gebruik om hierdie vrae te beantwoord nie – skryf die vraagnommer en die korrekte hoofletter (s) in jou Antwoordboek.

Kolom A Voedingsverwante term		Kolom B Stelling	
2.1	Nutraseutiese voedsel	A	Enige natuurlike of chemiese stowwe wat nie normaalweg in die voedsel voorkom nie maar bygevoeg word om die veiligheid, varsheid, smaak, tekstuur of voorkoms daarvan te handhaaf of te bevorder.
2.2	Funksionele voedsel	B	Voedsel wat verbou word sonder die gebruik van sintetiese chemikalieë, soos mensgemaakte plaagdoders en kunsmis.
2.3	Organies-gekweekte voedsel	C	Voedsel wat medisinale of gesondheidsvoordele bied, insluitend die voorkoming en behandeling van siektes.
2.4	Geneties-gemodifiseerde voedsel	D	Voedsel word versterk deur mikrovoedingstowwe by te voeg wat nie natuurlik in voedsel voorkom nie.
2.5	Voedsel-bymiddels	E	Voedsel wat gesondheidsvoordele bied benewens basiese voeding, en wat 'n rol kan speel in die vermindering van sekere gesondheidstoestande.
		F	Voedsel wat geproduseer word deur genetiese manipulasie.
		G	Voedsel wat 'n verbeterde rակlewe en veiligheid het, omdat dit met baie kort lig- en radiogolwe behandel is.

[5]

**VRAAG 3**                      **KORREKTE TERM**

Kies die regte term tussen hakies wat die stelling WAAR sal maak.

Skryf slegs die regte woord/term langs die vraagnommer in jou Antwoordboek neer.

- 3.1        Probleme met die vertering van sekere voedselsoorte en 'n onaangename fisieke reaksie daarop, staan bekend as 'n **(voedselintoleransie/voedselallergie)**. (1)
- 3.2        Die belangrikste verskil tussen anoreksie en bulimie is dat **(3.2.1 anoreksie/bulimie)** 'n sindroom van selfverhongering is, wat 'n beduidende gewigsverlies van minstens 15 persent van die ideale liggaamsgewig meebring, terwyl pasiënte met **(3.2.2 anoreksie/bulimie)** per definisie 'n normale of selfs bogemiddelde gewig het. (2)
- 3.3        **(Laedigheid lipoproteïen/Hoëdigtheid lipoproteïen)** is die goeie cholesterol omdat dit oortollige cholesterol na die lewer vervoer, waar dit afbreek en vandaar uitgeskei word. (1)
- 3.4        **(Prebiotika/Probiotika)** is 'n soort vesel wat die menslike liggaam nie kan verteer nie, dit is teenwoordig in veselryke voedsel en bevorder die spysverteringstelsel. (1)
- [5]**

**VRAAG 4**

- 4.1        Beskryf die voedselverwante gesondheidstoestand bekend as hoë bloeddruk (hipertensie). (4)
- 4.2        Verduidelik die dieetveranderings wat nodig is om hoë bloeddruk te beheer. (4)
- [8]**

**VRAAG 5****5.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.****Verken die verband tussen armoede en osteoporose**

'n Studie in *Clinical Endocrinology* het die verband tussen sosio-ekonomiese status en 'n vrou se risiko vir osteoporose verwante frakture en ander gesondheidstoestande ondersoek. Die resultate van die studie het 'n verband tussen armoede en die volgende toestande getoon: laer beenmineraaldigtheid in die lumbale ruggraat, hoër liggaamsgewig en liggaamsmassa-indeks (LMI), vitamien D-tekort, en 'n hoër voorkoms van frakture.

[Aangepaste bron: Beskikbaar by: <<https://www.spineuniverse.com/professional/news/osteoporosis/exploring-link-between-poverty-osteoporosis>>]

- 5.1.1 Verduidelik die term *liggaamsmassa-indeks* (LMI). (4)
- 5.1.2 Verduidelik die verband tussen vitamien D-tekort en osteoporose. (4)
- 5.1.3 Motiveer waarom die studie met vroue gedoen is. (4)

**5.2 Bestudeer die volgende spyskaart en beantwoord die vraag wat volg.****Spyskaart****Middagete**

Sardyne in tamatiesous (Pilchards)

Bruinbrood met margarien

Vars, gestoomde spinasie

'n Glas volroom melk

Motiveer waarom hierdie spyskaart geskik is vir arm gemeenskappe met 'n hoë voorkoms van osteoporose.

(8)  
**[20]**

**VRAAG 6****6.1 Gee redes waarom elk van die volgende beskou kan word as hoofsaake van ystertekort-anemie:**

- 6.1.1 Bloedverlies (3)
- 6.1.2 'n Swak dieet (3)

**6.2 Noem TWEE drinkgoed wat ysterabsorpsie sal verminder. (2)****[8]**

**VRAAG 7**

- 7.1 Definieer die term *voedselsekerheid*. (3)
- 7.2 Bespreek die voordele van geneties-gemodifiseerde voedsel in die bestryding van voedselonsekerheid. (8)
- 7.3 Wat is die impak van inflasie op voedselsekerheid? (4)
- [15]**

<b>70 punte</b>
-----------------

**AFDELING B KLEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES**

*Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.*

**VRAAG 8 MEERKEUSIGE VRAE**

Moenie die ruit op die voorste flap van die Antwoordboek gebruik om hierdie vrae te beantwoord nie – skryf die vraagnommer en die korrekte hoofletter(s) in jou Antwoordboek.

8.1 Verwys na die strokiesprent hieronder. Watter soort gedrag toon die vrou in die aantrekhoekie?



[Bron. Besikbaar by: <<https://www.cartoonstock.com/cartoonview.asp?catref=cgs990325>>]

- A Konformiteit
- B Groepsdruk
- C Individualiteit
- D Konserwatisme


(1)

8.2 ... verwys na die manier waarop individue hulself sien, fisiek sowel as geestelik.

- A Selfbeeld
- B Selfkonsep
- C Selfrespek
- D Selfvertroue

(1)

8.3 Lyn A/Kurwe A in die grafiek is 'n voorbeeld van ...



- A klassieke mode.
- B 'n modegier.
- C hoogmode.
- D kontemporêre mode.

(1)

8.4 Hoekom dra die onderstaande man 'n uniform?



[Bron. Beskikbaar by: <<https://www.gettyimages.com/detail/news-photo/1130954302>>]

- A Beskeidenheid
- B Individualiteit
- C Identifikasie
- D Geloof

(1)



8.5 Identifiseer die klassieke modekledingstuk in die volgende afbeeldings:

<b>A</b>	<b>B</b>
	
[Bron. Beskikbaar by: < <a href="https://www.amazon.com/">https://www.amazon.com/</a> >]	[Bron: Beskikbaar by: < <a href="https://www.aliexpress.com/">https://www.aliexpress.com/</a> >]
<b>C</b>	<b>D</b>
	
[Bron. Beskikbaar by: < <a href="https://za.pinterest.com/">https://za.pinterest.com/</a> >]	[Bron. Beskikbaar by: < <a href="https://www.menshealth.com/">https://www.menshealth.com/</a> >]

- A Rooi cowboyhemp
- B Wit T-hemp met slagspreuk
- C Vragbroek (Cargo pants)
- D Blou denimbreek

(1)  
[5]







**VRAAG 9**

Definieer en gee 'n voorbeeld van die volgende kledingterme:

- 9.1 Modeneiging (3)
  - 9.2 Silhoeët (3)
  - 9.3 Eko-modes (3)
  - 9.4 Handelsnaam (3)
- [12]

**VRAAG 10**

**Bestudeer die meegaande illustrasies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

<b>GESKIEDENIS VAN DIE WIT BLOES</b>		
		
<b>1783</b>	<b>1920</b>	<b>1940</b>
		
<b>1960's</b>	<b>1980's</b>	<b>1990's</b>

[Bron. Beskikbaar by: <<https://www.harpersbazaar.com/uk/fashion/a32904745/history-white-shirt/>>]

- 10.1 Verduidelik hoekom die wit bloes as 'n klassieke mode-item beskou word deur na die illustrasies te verwys. (6)
  - 10.2 Bespreek hoe die nuwe 1980's witbloesstyl aan die verbruiker bekend gestel sou word. (5)
- [11]**

**VRAAG 11**

**Gebruik die denim versorgingsetiket om die vrae te beantwoord:**



[Bron. Beskikbaar by:  
 <<http://www.generallabel.com/clothing-care-tags/>>]

- 11.1      Waarom kan hierdie denim nie as volhoubaar beskou word nie. (8)
  - 11.2      Noem VIER maniere hoe denim kledingstukke meer volhoubaar gemaak kan word. (4)
- [12]**

**VRAAG 12**

- 12.1      Bespreek die negatiewe ekonomiese impak van handelsnaamrowery. (5)
  - 12.2      Waarom sal 'n verbruiker eerder nagemaakte of vervalste kledingstukke koop as die oorspronklike? (5)
- [10]**

<b>50 punte</b>
-----------------


**AFDELING C BEHUISING EN MEUBLEMENT EN VERBRUIKER-  
VERWANTE KWESSIES**

**Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.**

**VRAAG 13 MEERKEUSIGE VRAE**

Moenie die ruit op die voorste flap van die Antwoordboek gebruik om hierdie vrae te beantwoord nie – skryf die vraagnommer en die korrekte hoofletter(s) in jou Antwoordboek.

13.1 Die volgende is 'n voorbeeld van ...



- A swendelary.
- B 'n stokvel.
- C inflasie.
- D 'n piramideskema. (1)

13.2 Watter van die volgende is hernubare energiebronne?

- A Natuurlike gas
- B Olie
- C Wind
- D Water
- E Steenkool (2)

13.3 Die ... kan eers bereken word as die VPI-syfers bekend gemaak is.

- A munisipale koers
- B primakoers
- C afslagkoers
- D inflasiekoers (1)

13.4 Identifiseer die soort huiseienaarskap waar 'n maandelikse heffing betaal word.

- A Deeltitel
- B Voltitel
- C Huur
- D Eiendomsreg (1)

**[5]**

**VRAAG 14**

Kies die geskikste voordele in Kolom B vir elk van die behuisingsopsies in Kolom A. (Elke voordeel moet slegs een keer gebruik word.)

Kolom A Behuisingsopsie		Kolom B Voordeel	
14.1	Koop	A	Die eiendom kan as sekuriteit gebruik word.
14.2	Bou	B	Geen maandelikse onderhoudskoste nie.
14.3	Huur	C	Geen toestemming nodig om veranderinge aan te bring nie.
		D	Die nuutste ontwerpe en tegnologie kan gebruik word.
		E	Geen eiendomsbelasting of dienskosse nie.
		F	Dit is stiller en meer privaat.
		G	Hoër herverkoopwaarde as gevolg van die ontwikkelende gebied.
		H	Geen huishoudelike versekering is nodig nie.

**[8]****VRAAG 15**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**'n Eiendomstokvel**

'n Eiendomstokvel volg die stokvelbesparings- en beleggingsbenadering en pas dit toe op die eiendomswêreld. Om eiendomsbesit en -belegging vir baie mense 'n meer toeganklike opsie te maak, skiet eiendomstokvelle regoor die land op. Eendersdenkende en gretige eiendomsbeleggers kom bymekaar om hul finansiële hulpbronne saam te voeg, saam in 'n spesifieke eiendom te belê, of om grond aan te koop vir kommersiële, industriële of residensiële doeleindes.

[Bron. Besikbaar by: <<https://www.privateproperty.co.za/advice/property/articles/how-does-a-property-stokvel-work/7086>>]

- 15.1 Definieer die term *stokvel*. (4)
- 15.2 Wat is die voordele daarvan om in 'n eiendomstokvel te belê? (6)
- 15.3 Noem VIER maniere om te verhoed dat jy deur hierdie beleggingsgeleentheid mislei word. (4)

**[14]**

**VRAAG 16**

**Gebruik die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

Nadat hulle verhouding beëindig is, het Mark uit die woonstel getrek wat hy en Susan saam gehuur en voor geteken het. Hulle het geen formele ooreenkoms gehad oor die huur wat Mark elke maand betaal het nie. Na twee maande is Susan uit die woonstel gesit, maar sy het besluit om die saak na die hof vir klein eise te neem. Die eerste ding wat haar prokureur haar gevra het, was: "Het jy die huurooreenkoms gelees?"

- 16.1 Wat is 'n huurooreenkoms? (2)
- 16.2 Gee VIER redes waarom die prokureur haar die volgende vraag gevra het: "Het jy die huurooreenkoms gelees?" (4)
- 16.3 Noem TWEE finansiële verantwoordelikhede van 'n huurder. (2)
- 16.4 Maak 'n lys van die voordele van die volgende behuisingsopsies om Susan te help om 'n ingeligte besluit te neem in verband met die aankoop van 'n eiendom.
- 16.4.1 Voltitel (vrystaande) eiendom (3)
- 16.4.2 Deeltitel-eiendom (3)
- 16.5 Noem VYF verskuilde kostes waarvan Susan bewus moet wees voordat sy 'n eiendom koop. (5)
- 16.6 Verduidelik die betekenis van enige TWEE van die volgende soorte versekering.
- 16.6.1 Verbandbeskermingsversekering
- 16.6.2 Omvattende huiseienaarsversekering
- 16.6.3 Huishoudelike versekering (4)
- 16.7 Noem DRIE faktore wat Susan moet oorweeg voordat sy nuwe huishoudelike toestelle koop. (3)
- 16.8 Verduidelik hoekom 'n afbetaalverkooptransaksie (huurkoop) 'n beter opsie as bêtrepoop sou wees as Susan huishoudelike toestelle koop. (4)
- 16.9 Hoekom moet Susan bewus wees van grysgoedere wanneer sy huishoudelike toestelle koop? (3)

**[33]**

**60 punte**

**AFDELING D                   UITGEBREIDE SKRYFRESPONS**

***Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.***

**VRAAG 17**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

**Die omgewingsimpak van energie-doeltreffende groot huishoudelike toestelle**

Min van ons dink daaraan om 'n groot huishoudelike toestel te koop as die huidige toestel nog in werkende toestand is. Maar as jy nadink oor watter impak jou huidige yskas, skottelgoedwasser of wasmasjien op jou lewe en die wêreld in die algemeen het, mag jy dalk van mening verander.

Dink aan jou huidige toestel as die toksiese/giftige vriend of vennoot wat jou lewe onbewustelik benadeel. Maar as jy die aankoop van 'n nuwe en doeltreffender toestel nie as selfbederf of 'n luukse beskou nie, maar meer as 'n uiters praktiese oplossing vir 'n dringende saak, lyk dit asof alles in plek val en meer sinvol is.

[Aangepaste bron. Beskikbaar by: <<https://www.fix.com/blog/energy-efficient-appliances/>>]

Skryf 'n artikel\* vir verbruikers wat die voordele van die aankoop van eko-vriendelike groot huishoudelike toestelle uitlig.

Bestudeer die rubriek om jou antwoord te lei.

**Woordelys**

\*artikel – 'n geskrewe teks wat saam met ander in 'n koerant, tydskrif of ander publikasie ingesluit word.

Kriteria	Prestasie-aanwysers				
	6 punte	4 punte	2–3 punte	1 punt	0 punte
<b>Kriteria vir die aankoop van spesifieke ekovriendelike huishoudelike toestelle</b>	Die antwoord bevat minstens 3 huishoudelike toestelle met 'n deeglike verduideliking van die kriteria wat oorweeg moet word wanneer ekovriendelike toestelle gekoop word. Geen feitefoute nie.	Die antwoord bevat minstens 2 huishoudelike toestelle met 'n deeglike verduideliking van die kriteria wat oorweeg moet word wanneer ekovriendelike toestelle gekoop word. Geen feitefoute nie.	Slegs 1 huishoudelike toestel word genoem. Party kort geskiktheid, duidelikheid of detail.	Antwoord poog om kriteria te verskaf vir die aankoop van spesifieke huishoudelike toestelle, maar dit is meestal ontoepaslik of vaag.	Antwoord bied geen kriteria vir die aankoop van spesifieke huishoudelike toestelle nie.
<b>Moontlike omgewingsimpak</b>	<b>6–8 punte</b> Die antwoord toon 'n deeglike begrip van die moontlike omgewingsimpak as jy nie omgewingsvriendelike huishoudelike toestelle koop nie. Geen feitefoute nie.	<b>4–6 punte</b> Die antwoord toon 'n goeie begrip van die moontlike omgewingsimpak as jy nie omgewingsvriendelike huishoudelike toestelle koop nie. Geringe feitefoute.	<b>2–4 punte</b> Die antwoord toon 'n begrip van die moontlike omgewingsimpak van die koop van onvriendelike huishoudelike toestelle. Sommige belangrike inligting ontbreek/is foutief.	<b>1 punt</b> Die antwoord toon 'n swak begrip van die moontlike omgewingsimpak as jy nie omgewingsvriendelike huishoudelike toestelle koop nie.	<b>0 punte</b> Die antwoord toon 'n swak of geen begrip van die moontlike omgewingsimpak as jy nie omgewingsvriendelike huishoudelike toestelle koop nie.
<b>Kwaliteit van die artikel</b>	<b>4 punte</b> Die artikel is duidelik en bondig geskryf. Vloei is logies. Fokus word deurgaans behou. Die gebruik van terminologie is akkuraat.	<b>3 punte</b> Die artikel is meestal duidelik, die vloei is logies, die fokus word behou en die gebruik van terminologie is akkuraat. Daar is geringe insinkings.	<b>2 punte</b> Die antwoord het gebreke wat verband hou met duidelikheid, redenasie, fokus en terminologie, wat die kwaliteit van die artikel beïnvloed.	<b>1 punt</b> Die artikel is dikwels vaag, samehang ontbreek, dis wankelig of herhalend. Die terminologie wat gebruik word, is dikwels foutief.	<b>0 punte</b> Die artikel maak geen sin nie.
<b>Aanbieding</b>			<b>2 punte</b> Die antwoord is georganiseer met 'n gepaste titel, goed saamgestelde paragrawe, 'n gepaste inleiding en 'n duidelike slot. Taal en toon is gepas.	<b>1 punt</b> Die antwoord is georganiseer, maar in verskeie opsigte gebrekkig.	<b>0 punte</b> Die antwoord is gebrekkig in alle of byna alle aspekte van die aanbieding.

**20 punte**

**Totaal: 200 punte**